# Begeertes! **Maandag 13 September 2021**

## Die Tiende gebod handel oor verkeerde begeertes!

**Ex 20:17**

"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."

**Fil 4:8** "

"Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig/bedink dit."

**Die tiende gebod handel oor Begeerte**. Dit is sekerlik die wet wat die meeste geïgnoreer word, van die tien gebooie. Dit is die gebod wat die meeste van ons dink dat ons nie oortree nie.

Begeerte mag dalk lyk na nie 'n te groot sonde nie,

- niemand word tog benadeel nie,
- niemand ly skade nie,
- niemand weet tog daarvan nie,

so kan ons dalk dink.

**Maar, as God dit een van die tien gebooie gemaak het, dan kan ons nie anders as om dit ernstig op te neem en oor te waarsku nie.** Om iets te begeer beteken nie net, dat ek net graag iets wil hê of besit wat ek nie het nie. Byvoorbeeld, as jy deur die winkelsentrum loop en jy sien iets en dink dit is nou oulik, ek sal nie omgee om eendag so iets te besit nie. Dit is nie noodwendig 'n verkeerde begeerte nie.

**Verkeerde, sondige begeertes is om FANATIES iets te wil hê wat ek nie het nie!** Dit beteken ook om **FANATIES** iets te begeer, wat nie myne is nie en dalk nooit myne kan word nie. MAAR ek gaan moontlik enige manier inspan, reg of verkeerd om dit in die hande te verkry.

"In Ex 20:17 word dieselfde woord ***(Hebreeus - chamad)*** in die verskillende dele van die tiende gebod vir ***begeer*** gebruik, terwyl in Deuternomium 5 5 verskillende woorde ***(Hebreeuse chamad en Iwwah*)** vir begeer gebruik word. Die twee woorde kan egter as sinonieme beskou word, met die gevolg dat dit aan die betekenis geen verskil maak nie." *(De Bruyn 2008:255)*
Die griekse woord vir begeer is, **ἐπίθύμέά...** "Die woorde wat met begeer vertaal is, het nie die betekenis van' n wens of 'n verlange in die sin van 'n oppervallige hunkering na iets nie. Veel eerder het dit die betekenis van 'n verlange wat reeds uitgegroei het tot 'n besluit om dit wat begeer word, ook te probeer verkry, sodra die geleentheid daarvoor geskik is." (*De Bruyn 2008:255)*

"Hoewel die woord begeer soms positief gebruik word in die sin van die goeie te begeer, het dit meesal 'n negatiewe betekenis, in die sin van begeer wat nie joune is nie." *(De Bruyn 2008:255)*

Die negatiewe betekenis dui op:

- fanaties begeer,
- om ten alle koste iets te wil hê,
- om in wellus te verval, vanweë begeertes.

Ons kan die woord, ***begeer***, eintlik verklaar met...

- *Om jou hart op 'n ander man se vrou te sit.*
- *Om jou hart op 'n ander man se besittings te sit.*
- *Om fanaties te begeer, tot die uiterste toe, tot ek dit wat aan iemand anders behoort, my eie gemaak het.*

Dink maar as voorbeeld hier aan **koning Dawid** van die Ou Testament.
Hy het vir Batseba sien bad. Hy begin dadelik van begeerte, van wellus vir haar brand.
I.p.v. dat hy soos 'n gelowige, opgevoede man, sy kop wegdraai en nie kyk nie, kyk hy en hy begin om fanaties, brandend te begeer. Hierdie begeertes van Dawid het gelei tot owerspel en moord.

**Maar ons moet nooit sê dat slegte begeertes van God af kom nie**. **Jak 1:13-15:**

"Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: 'Ek word deur God versoek nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep . Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood."

**Paulus leer egter aan ons wat die positiewe van begeerte is.**

**Fil 3:10,11**

"Al wat ek wens (***begeer)***, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."

**Fil 4:8**

Ook leer Paulus aan ons wat ons oor moet dink en wat ons moet begeer in **Fil 4:8** "Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig."

Kom ons begeer dus alles wat tot eer en verheerliking van God is.
Kom ons begeer al meer en meer om God te dien en te aanbid.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***